

DIE TYD LOOP UIT - CD

WIE HET

Toonsetting uit JOB

Wie het die aarde afgemeet?

Wie het dit aanmekaar geweef?

Wie't vir die see perke gestel?

Wie het dit met wolke bedek?

Wie bring die ys te voorskyn?

Wie het die doudruppels voorberei?

Wie bring die ryp in hierdie wêreld?

Kan jy jou stem tot by die wolke hoor?

Kan jy die reën in die wolke stoor?

Kan jy die weerligstraal uitstuur?

Kan jy hom beveel gaan daar, kom hier?

Kan jy die hemelruim losmaak?

Kan jy die sterre aanraak

en hul laat opkom as jy praat?

Kan jy die beer met haar kleintjies roep?

Hoe weet die haan om die dag te soek?

Kan jy vir 'n leeu sy prooi vang?

Weet jy presies wanneer die bokkies lam?

Sal die buffel gewillig vir jou kan werk?

Sal jy hom inspan om jou ploeg te trek?

Is dit deur jou insig dat die valk kan vlieg?

Wie wil aan My kom eise stel?

Wie wil My iets van My werk vertel?

Wie wil My beslissings tot niet kom maak?

Wie wil My skuldig kom verklaar?

Alles onder die hemel behoort aan My

Ek het dit met My hande voorberei

Ek het die aarde gemaak

En die mens daarop geplaas....

MY GOD HET ALS GEMAAK

As ek die Hemel aanskou en die werk van U vingers

die maan en die sterre in die Hemel

Wat is die mens dan dat U aan hom dink - (Ps 8:4)

die mensekind dat U na hom omsien.

U laat hom heers oor die werk van U hande

U plaas hom in beheer van die aarde

Koor 1:

Ja, my God het als gemaak

en Hy hou dit als in stand

Hy het die sterre in Sy Hand

Hy's die Skepper van die Heelal

My God het jou gemaak

Hy't jou aanmekeer geweef - (Ps 139:13)

Hy't voor die wêreld reeds geweet

Wat Hy vir jou beplan vir jou lewe

Kyk net om jou rond, na die wêreld om jou heen

Daar is meer, baie meer as wat jy weet

Van die kleinste miertjie tot die grootste soogdier

is daar meer, baie meer as wat jy kan sien

Want die wêreld kom nie van miljoene jare nie

Evolusie kan nie bewys word nie

Koor 2:

-Ja, My God is Wonderbaar - (Ps 8:10)

als is onder Hom geskaar

ons wil U Naam besing

en die vyand tot swye bring

-Die hele skepping kan getuig

van 'n Skepper wat omgee

alles is perfek gemaak

daar's 'n doel vir elke lewe

Skaars minder as 'n Engel is ek gemaak

geseën en toegerus vir my taak

BETLEHEMKIND

1. Die mens het van die sondeval

in sondes bly verval

met net God wat ons kan red

Die wyses het dit self voorspel

aan almal is vertel

dat hul 'n kind sal vind

In doeke toegedraai - (Luk 2:7)

In 'n krip, te Bethlehem

Met Josef en Maria

Halelu-u-ja

2. Herodes het dit ook gehoor - (Mat 2:3,13)

Hy wou die kind vermoor

Want hoe kan daar dan nog 'n Koning wees

In haat en woede, jaloesie - (Mat 2:16)

Het hy elke seuntjie gedood - in die hoop
Maar Jesus was ongedeerd
'n Engel is na hul gestuur
om hul teen Herodes te waarsku
hul moes 'n ander pad terug huis
toe neem - (Mat 2:12)

Koor:

En kyk daar blink 'n ster
kyk daar blink 'n ster
dit wink van baie ver
Die ster van Bethlehem
dit skyn vir jou en my
dit het die wyses gelei
om hulde te bring, lofliede te sing
Halelu-u-ja

3. Almal hoor die woorde
'n Kind is gebore
die mens nie meer verlore
God het Sy eie Seun gestuur
om Mens te kom word
en vir ons die straf
te kom verduur

Koor:

En kyk daar blink 'n ster
Kyk daar blink 'n ster
dit wink van baie ver
Die ster van Bethlehem
gestuur vir jou en my

Hy het die mens bevry
ons wil hulde bring
en lofliede sing

Haleluja loof prys die Heer
Haleluja lof aan die Heer

EEN VAN JULLE

Mat 26

1. Een van julle sal My verrai

Hy het reeds van My af weggedraai
Die een wat saam met My sy hand insteek
is die een wat - My in die rug sal steek

Koor:

Wat jy ook al moet doen
gaan doen dit gou
Judas Iskariot
Die duiwel het in hom gevaar
en hy't haastig die huis verlaat
Vir 30 stukke silwer
'n slaaf se prys
was Judas tevrede
om Jesus met 'n kus uit te wys

2. Petrus jy sal My drie maal verloën
voor die haan kan kraai
waak dat julle nie versoek sal word
maar wee die een wat My verrai

Koor:

Die brood wat Ek nou breek

dit is My Liggaam

wat gebreek gaan word aan die kruis

Die wyn wat Ek nou skink

dit is My Bloed

wat gaan vloei

om vir die sondeskuld te boet

Dink - so aan My

as julle hierdie brood eet

en hierdie wyn drink

Dink dan so aan My

as julle hierdie brood eet

en hierdie wyn drink

Een van julle sal My verraai

Hy het reeds van My af weggedraai

DIE PASSIE VAN CHRISTUS

Mat26 & 27

'n Uur voor die lyding

Voor die ewige tyding

Het Jesus gaan bid:

“Vader, as dit moontlik is

Neem die beker weg

Maar slegs as dit U wil is”

Maar Jesus is gevang deur 'n slinkse plan

En voor die regterstoel gedaag:

“Ja, ek is die Seun van die Allerhoogste

Wat woon in die hemel"

"Kruisig Hom, Hy verdien die dood

Kruisig Hom, kruisig Hom"

"Vader as dit moontlik is

Neem die beker weg

Maar slegs as dit U wil is"

Koning van die Jode, hang Hy daar

Die Koning van die Jode, spot hulle:

"Koning van die Jode, red jousef, jy kan nie"

1. Aan 'n kruis vasgespyker

Sy hande deurboor

'n doringkroon bebloed om Sy hoof

Hang Hy daar vir jou en vir my

Sondaarmens, vir jou en my

2. Geslaan en gefolter, gevloek en geskel

Vir drie volle dae gedaal na die hel

Net vir jou en my sondaarmens

Moes Hy ly, vir jou en my

Koor : "Eli, eli lama sabagtani

My God, my God, waarom het U my verlaat?" (2x)

3. Koning van die Jode

Nee Hy's nie die Koning van die Jode

Ja, Hy is die Seun van die Allerhoogste

Redder van die mensdom

Net vir jou en my sondaarmens

Moes Hy ly, vir jou en my
Sondaarmens, vir jou en my

DIE OORWINNING

1. Die dood het geen angel nie - (I Kor 15)

Jesus leef

Die dood kon Hom nie vashou nie

Jesus leef

na drie dae het Hy opgestaan

en uit die graf gekom

sodat ons wat in Hom glo Ewig Sal Kan Leef

Koor:

Dit is volbring

die Engele het gesing

dit is volbring - (Joh 19:30)

die hele Hemel juig

dit is volbring

die dood is oorwin

en ons moet getuig:

2. Dat Jesus leef

en Hy't opgevaar

Hy sit aan die Vader

se Regterhand

Jesus het gegaan

om vir ons plek te berei

sodat ek en jy

Ewig in God's Huis kan bly

Koor:

Dit is volbring
die Engele het gesing
dit is volbring
die Hele Hemel juig
dit is volbring
die dood is oorwin
en ons moet getuig
Dit is volbring
ons almal moet sing
dit is volbring
ons almal moet juig
ons moet getuig
dat Jesus leef
Ja ons moet getuig
dat Jesus leef
- Ja Jesus Leef

VERGEWE

Koor:

As jy nie kan vergewe nie - (Mat 6:14)
Kan die Vader in die Hemel jou nie
vergewe nie
As jy nie kan vergewe nie
Kan die Vader in die Hemel jou nie
vergewe nie

1. Haal eers die balk

uit jou eie oog, dan kan jy sien - (Mat 7:3,4)
om die splinter uit jou broer se oog te verwyder
Moenie kwaad gaan slaap

moenie vir die duiwel 'n vatplek maak
sewentig maal sewe - (Luk 17:3)
is hoeveel jy jou broer moet vergewe

Koor:

2. Met die maat waarmee jy oordeel
sal jy geoordeel word - (Luk 6:38)
moet nie die reg in jou eie hande neem nie
maar laat die Heer vergeld
vergewe nie
Laat Hy self die oordeel vel
God wil nie hê dat iemand verlore moet gaan nie
veral nie jy nie

Koor:

IS JY VIR MY

Koor: - (Openbaring 3:15 en 16)

Jy is vir my
Of jy is teen my
Jy moet kies
As jy lou is
Sal ek jou
Uit My mond uitspoeg

1. Ek het jou eerste gekies
Jou eerste lief gehad
Voor die begin van die wêreld
Maar jy moet sterf in jouself
Die ou mens afgooi - (2 Kor 5:17)
En My in jou hart nooi

Daar is geen middeweg nie

Dis alles of niks

Daar's geen omdraaikans nie

Jy moet vorentoe deurdruk

Koor:

2. Waarvoor leef jy elke dag

Wat is dit wat jy

Van die lewe verwag

En wat vat jy alles saam

As jy die dag uit hierdie lewe gaan?

Is jy bang wat mense van jou dink

Vrees liefster God wat oor lewe en dood

beskik - (Mat 10:28)

Moenie omkyk, moenie terugkyk

Moenie gaan lê nie

Strek jou uit na wat voor is - (Fil 3:13-14)

As jy die hemel wil hê

PASPOORT

1. Is jou paspoort gereed na die Hemel?

Het jy jou hart in orde gekry?

2. Gaan jy saam na die Ewige Lewe?

Het jy al jou sondes bely?

Koor:

Maak jou saak met die Here reg my maat

Maak jou saak met die Here reg vanaand

a) As jy nog nie jou hart vir die Here gegee het nie

doen dit nou, moenie uitstel nie

Sê hierdie woorde agter my aan
net as jy werklik berou...

b) Jesus, ek staan nou voor U troon...
neem my hart en maak dit skoon...
maak my nuut, maak my vry...
maak my los van die kettings om my...

c) Ek glo nou in die Ewige Lewe...
Ek glo my sonde is vergewe...
Dankie vir die Bloed en die Kruis...
Dankie vir 'n Ewige Huis...

d) Ek is nou die Vader se kind...
Vir ewig aan Jesus gebind...
Ek gaan nie meer verlore...
Ek is nou uitverkore...

3. My paspoort's gereed na die Hemel
Ek is nou gereed om te gaan
Help my om so te kan lewe
Dat ek ander sal oorreed om saam
na die Hemel te gaan

KIND VAN DIE LIG

Koor:

Leef nou as 'n Kind van die Lig
wat alles oorbrug
vir niks nie meer vlug nie
Met jou God spring jy oor 'n muur
Kan jy alles verduur - (2 Sam 22:30)

want binne jou brand die vuur van die lewe

1. Jy moet gereeld jou Bybel lees

om gehoorsaam te leer wees

oordink Sy Woorde dag en nag

en bly die Here verwag - (Deut 6:6)

2. Jy moet nie fokus op die wêreld nie

maar in die vrees van die Here leef

Hou net jou oog op Jesus

en bly aan Hom vaskleef (ja jy moet leef)

Koor:

Leef nou as 'n Kind van die Lig

dat die wêreld kan sien

dat jy die Here jou God dien

Met jou God kan jy alles doen

soos 'n ribbok wat spring - (Hab 3:19)

moet jy die boodskap aan almal bring

3. Klop en Hy sal vir jou oopmaak

ja jy moet soek, jy sal vind - (Mat 7:9)

vas en bid en bly vertrou

tot jy 'n antwoord vind

4. Jy moet Hom loof jy moet Hom Prys

want Hy is groot en Hy is goed

Jy moet vir Hom jou Liefde wys

met alles wat binne jou is

TIENDE

1. Die mens is té bang om te gee
wil net ontvang en niks ooit prysgee
Maar God het beveel om uit te deel
hoe meer jy gee, hoe meer sal jy terug ontvang
Moet God nie beroof
bring wat jy beloof
Wees mildelik
En God sal beskik

Koor:

Bring jou tiende, kom en gee jou deel - (Mal 3:10)
wees gehoorsaam om jou offers te gee
En jy sal sien
God sal voorsien
Hy wil jou graag ryklik seën

2. Maak vir jou 'n skat in die Hemel - (Mat 6:20)
bymekeer waar mot en roes nie vergaar
God het 'n blymoedige gewer lief
bly getrou gee al gaan dit hoe swaar
En God sal die sluse van die Hemel
oopmaak en dit sal reën

Vertrou op die Here vir alles
Jou Vader weet wat jy benodig - (Mat 6:32)
Jy moet vas en bid en gee
dan sal daar 'n deurbraak wees

DIE TYD LOOP UIT

1. Die tyd loop uit

wat maak jy, wat doen jy

vir die Koninkryk van die Hemel

2. Die tyd loop uit

het jy al besluit

of jy gaan veg in die stryd

vir die Koning

Koor 1:

Bereik betyds

bekeer hul en leer hul

van wat Jesus gedoen het aan die kruis

Gaan uit, gebruik

Sy woorde en akkoorde

om verlore siele te bereik

Maak dissipels

Wandel deur die Gees, nie die vlees

dan sal Sy Gees in jou kom leef

Laat die Gees jou dan so lei

om teen die sonde te kan stry

3. Die uurglas loop leeg

het jy al uitbeweeg

en 'n verskil probeer maak

vir die Koning

4. Dis Hemel of Hel

het jy dit al vertel

vir al die mense daarbuite

wat kan luister

Koor:

Bereik betyds

bekeer hul en leer hul

van wat Jesus gedoen het aan die kruis

Gaan uit, gebruik

Sy woorde en akkoorde

om verlore siele te bereik

-maak dissipels - (Mat 28:19)

Dra die vrugte van die Gees

dan sal jy gereed vir dienswerk wees

Deur liefde, blydskap, vrede en vriend'likheid

kom trou, selfbeheer en lankmoedigheid - (Gal 5:22,23)

Bereik Bekeer - maak dissipels

DIE LIEFDE

Toonsetting uit 1 Kor 13

Al praat ek die tale van mense of Engele maar

ek het geen Liefde nie

Al besit ek geloof om berge te versit maar

ek het geen Liefde, dan is ek niks

dan baat dit my niks

Want die Liefde is geduldig

Die Liefde is vriendelik

Nie verwaand nie

Dit verbly hom nie oor onreg

Maar verheug hom oor die waarheid

Dit bedek alles, glo alles,

Hoop alles, verdra alles

Jesus het gesê, julle moet mekaar liefhê

soos Ek, julle lief gehad het

As julle My Geboorte bewaar

Sal julle in My Liefde bly

en blydskap ervaar

Geloof, Hoop en Liefde

Vergaan nimmermeer

Maar die grootse hiervan is die Liefde